Downloaded from Stanmorephysics.com

AFR 10

**TITEL: Delft**


**DENOTATIEF**: Verwys letterlik na **'n Woonbuurt** in Kaapstad. Die area is bekend vir misdaad, armoede en werkloosheid.


**TAALGEBRUIK: KAAPSE AFRIKAANS**

Die spreker maak gebruik van Kaapse Afrikaans omdat dit die taalgebruik van die inwoners van die Delft is. Die karakters word realisties voorgestel. Hierdie taalgebruik word gekenmerk aan ontronding en assimilasie.

**VERPERSOONLIKING**

Die digter verpersoonlik die natuurelement wat bekend is aan die inwoners. Personifikasie oorheers dus in die gedig.



Downloaded from Stanmorephysics.com


| VIR DIE ONDERWYSER: BESPREKING | | |
|---|---|---|
| 1 | Die klippe innie pad | Alles (die natuurelemente) wat deel is van die Delft is soos die mense van die Delft dit is waarmom 'n vergelyking getref word. |
| 2 | sit soes laities oppie sypaadjie | |
| 3 | en vra die heeltyd vi jou virre rand. | Kinders sit en bedel om geld omdat hul swaarkry. |
| 4 | Die wind kom en gan | Tyd gaan verby. Dui moontlik op seisoene wat kom en gaan. |
| 5 | soese man wattie oo sy laities worry nie | Baie mans wil niks met hul kinders te doene hê nie. Kinders word verstoot en baie vroue eindig op as enkelouers. |
| 6 | 'n wind wat net vi homself liewe. | Mans word gevoelloos voorgestel omdat baie nie onderhoud betaal nie. |
| 7 | Die lug se mon stink na wyn. | Moontlike rede is dat die mans hul geld uitdrink. |
| 8 | Die wêk nine to five | Die mans werk heeldag. Dit is al wat hul ken. Verdien moontlik nie baie geld nie. Gewoonlik fabriekwerkers. |
| 9 | omdat dai is wat hy doen. | |
| 10 | Hyt nog nooit consider | Mense is nie bereid om te verander nie. Vasgevang in hul eentoninge bestaan. |
| 11 | dat hy iets annes kan doen nie. | |
| 12 | Die boeme hang heeldag oo hulle mierjies | Die bome (mense wat nuuskierig is) hang oor hul mure om ander dop te hou. |
| 13 | en hou anne mense se biesagheid dop. | |
| 14 | Die sand het vyl voete en lang naels, | Die mense is onnet. Versorg nie hulself goed nie. |
| 15 | maarie sand loep van dee tot dee | Wending: Maar tog het hul tyd om mense te loop en kuier. |
| 16 | en sit in ammel se hyse. | |
| 17 | Die mense is cigarette-toppatjies | Die mense is soos half-gerookte sigarette wat in woonstelblokke/klein huise (metjiebokse) woon. Mense rook 'n halwe sigaret om te bespaar. 'n gewoonte van rokers. Slegte gewoontes word beklemtoon: Drank en rook dit is waarvoor mense geld het ten spyte van hul armoede. |
| 18 | opgestop in metjieboksies. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VIR DIE LEERDERS**

| | Delft | Nathan Trantraal |
|---|---|---|
| 1 | Die klippe innie pad | Die klippe in die pad |
| 2 | sit soes laities oppie sypaadjie | sit soos jong seuns op die sypaadjie |
| 3 | en vra die heeltyd vi jou virre rand. | en vra die heeltyd vir jou vir 'n rand. |
| 4 | Die wind kom en gan | Die wind kom en gaan |
| 5 | soese man wattie oo sy laities worry nie | soos 'n man wat nie oor sy jong seuns bekommerd is nie |
| 6 | 'n wind wat net vi homself liewe. | 'n wind wat net vir homself lewe. |
| 7 | Die lug se mon stink na wyn. | Die lug se mond stink na wyn. |
| 8 | Die wêk nine to five | Die werk nege to vyf |
| 9 | omdat dai is wat hy doen. | omdat dit is wat hy doen |
| 10 | Hyt nog nooit consider | Hy het nog nooit oorweeg |
| 11 | dat hy iets annes kan doen nie. | dat hy iets anders kan doen nie. |
| 12 | Die boeme hang heeldag oo hulle mierjies | Die bome hang heeldag oor hulle muurtjies |
| 13 | en hou anne mense se biesagheid dop. | en hou ander mense se besigheid dop. |
| 14 | Die sand het vyl voete en lang naels, | Die sand het vuil voete en lang naels, |
| 15 | maarie sand loep van dee tot dee | maar die sand loop van deur tot deur |
| 16 | en sit in ammel se hyse. | en sit in almal se huise. |
| 17 | Die mense is cigarette-toppatjies | Die mense is sigarette-stompies |
| 18 | opgestop in metjieboksies. | opgestop in vuurhoutjieboksies. |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**POËTIESE BEGRIPPE:**

**RYM**

**HALFRYM**

***ALLITERASIE:*** (ook stafrym)

Die herhaling van dieselfde konsonante in ’n versreël.

'n **w**ind **w**at net vi homself liewe.
Hyt **n**og **n**ooit consider
Die boeme **h**ang **h**eeldag oo hulle mierjies
en hou anne mense se **b**iesagheid **d**op
Die sand het **v**yl **v**oete en lang naels,
maarie sand loep van **d**ee tot **d**ee

***ASSONANSIE:***

Die herhaling van dieselfde vokaal in ’n versreël.

en vra die heeltyd v**i** jou v**i**rre rand.
maarie sand loep van d**ee** tot d**ee**

**VOLRYM**

**WANNEER VOKALE EN KONSONANTE AS ’n GROEP HERHAAL WORD.**

***Beginrym***

Hier rym die begin woorde van ’n versreël met mekaar.

**Die** lug se mon stink na wyn.

**Die** wêk nine to five

**Binnerym**

’n Woord in die versreël wat rym met ’n woorde aan die einde van die versreël.

maarie sand loep van **dee** tot **dee**

**RYMSKEMA**

Die posisie van die rymwoorde in die versreël bepaal die rymskema.

- **Gebroke** rym a b c a

**BEELDSPRAAK**

**Vergelyking**

Hier word twee sake met mekaar vergelyk. Die woorde : soos, net soos en nes, word gebruik om te wys dat daar gemeenskaplike kenmerke tussen twee vergelykbare sake is,byvoorbeeld

| | |
|---|---|
| Die klippe innie pad | Die klippe in die pad |
| sit soes laities oppie sypaadjie | sit soos jong seuns op die sypaadjie |
| | |
| Die wind kom en gan | Die wind kom en gaan |
| soese man wattie oo sy laities worry nie | soos ’n man wat nie oor sy jong seuns bekommerd is nie |

**Metafoor**

Stel twee sake wat met mekaar verband hou,gelyk aan mekaar, byvoorbeeld

Die mense is cigarette-toppatjies

Downloaded from Stanmorephysics.com

| |
|---|
| **Personifikasie** |
| Die vermensliking van die natuur, lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe.Menslike eienskappe word hieraan toegedig. |
| Die uitken van personifikasie is nie voldoende nie, jy moet ook die funksie endoeltreffendheid daarvan kan onderskei. |
| 'n wind wat net vi homself liewe. |
| Die lug se mon stink na wyn. |
| Die boeme hang heeldag oo hulle mierjies<br>en hou anne mense se biesagheid dop. |
| Die sand het vyl voete en lang naels, |
| **STYLFIGURE** |
| Stylfigure (ook stylleer) – uitdrukking wat 'n styleffek teweegbring deur woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie aan te wend nie (afwyking in woordgebruik), maar op 'n besondere wyse groter krag of dramatiese beeld aan skryfwerk verleen,<br>bv. satire,polisindeton,ens |
| **POLISINDETON** |
| Dit is die herhaling van voegwoorde. |
| omdat.....,en......,dat......,maar...... |
| **SATIRE** |
| – iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens/maatskappy word onthul of geopenbaar; 'n satiriese literêre werk het gewoonlik 'n bewustelike sosiale inslag |
| **SIMBOOL** |
| – 'n teken/voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig; 'n tradisionele simbool soos 'n kruis is as beeldspraakvorm nie net 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook 'n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys.<br>'n Huis simboliseer sekuriteit. |
| **ONTLEDING VAN GEDIG** |
| **TEMA** |
| Die hoof gedagte of sentrale idee |
| Mense wat uitgelewer word aan hul omstandighede. |
| **SPREKER** |
| • Derdepersoonspreker |
| **TITEL: Delft** |
| Denotatief: Verwys letterlik na **'n Woonbuurt** in Kaapstad. Die area is bekend vir misdaad en armoede. |
| |
| **STEMMING** |
| **TOON** |
| Die manier of houding van jou stem. |
| • Spottend |
| **WENDING** |
| ‘n Wending is waar daar ‘n verandering of ommekeer in die gedig is. |
| Die woorde **TOE**.. en **MAAR** dui gewoonlik 'n wending aan. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| PUNKTUASIE | |
|---|---|
| punt (.) | sluit 'n bepaalde gedagte/frase af |
| **SOORTE GEDIGTE** | |
| **Ander digsoorte:** | |
| **VRYE VERS** | |
| Geen funksionele leesteken- en hooflettergebruik nie. Geen vaste rymskema nie. Versreëls en strofes nie ewe lank nie<br>Wanneer 'n gedig nie 'n spesifieke dissipline soos 'n vaste rymskema, versreëllengte of strofebou het nie, word dit vrye vers genoem. Daar kan selfs afgewyk word van die gewone toepassing van hoofletters, leestekens en sinskonstruksie. So 'n gedig moet egter ander bindende elemente bevat, byvoorbeeld herhaling van klanke, woorde, beelde, gedagtes of versreëls. | |
| **Hekeldig/Spotdig/Satiriese gedig** | |
| Dit is 'n gedig waarin daar gespot word met euwels van die samelewing | |
| **Kaapse Afrikaans kenmerke:** | |
| • Die gebruik van ge- saam met Engelse woorde: ge-strike, ge-change.<br>• Die weglating van medeklinkers aan die einde van woorde: vi' pleks van vir, see' pleks van seer, ma' pleks van maar.<br>• Die besitlike konstruksie wyk af van die standaard deurdat die voornaamwoord in sy verboë vorm gebruik word: onse mense, onse taal.<br>• Die gebruik van Engelse woorde asof dit Afrikaans is: struggle, check jou later.<br>• 'n Eiesoortige gebruik van woorde om na dinge te verwys: biesaggeit in plaas van besigheid.<br>• Assimilasie kom besonder baie voor: ammal, anners, kinders.<br>• Ontronding van klinkers: yt pleks van uit, hyse pleks van huise, lyster pleks van luister.<br>• Die vrye wisselwerking ("code switching") tussen Afrikaans en Engels<br>• Vokale met 'n onvaste lengte: lat pleks van laat; gat pleks van gaan. | |

**VRAE:**

| | |
|---|---|
| 1.1 | Hoe weet jy dat die seuns nog jonk is? |
| 1.2 | Waarmee word die klippe vergelyk? |
| 1.3 | Waarom sit die kinds in die straat? |
| 1.4 | Watter kenmerk het die pa's van die Delft? |
| 1.5 | Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi. |
| | Al die pa's van die Delft gee nie om vir hul kinders nie, is 'n voorbeeld van<br><br>(stereotipering/veralgemening) |
| 1.6 | Haal 'n reël aan wat aandui dat tyd verby gaan? |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.7 | Watter reël beskryf die mans van die Delft as selfsugtig? |
| 1.8 | Hoe weet jy dat die mans verslaaf is aan drank? |
| 1.8 | Hoeveel ure per dag moet die mans werk? |
| 1.10 | Wat impliseer hul werksure omtent hul inkomste? |
| 1.11 | Wat het die mense van die Delft nooit oorweeg nie? |
| 1.12 | Wat sal hul die kans gee om iets anders te oorweeg? |
| 1.13 | Hoe weet jy dat die inwoners van die Delft ledig (nie veel het om te doen nie) is? |
| 1.14 | Kies die korrekte antwoord tussen hakies. |
| | "Die boeme hang heeldag oo hulle mierjies" is 'n voorbeeld van (personifikasie/metafoor) |
| 1.15 | Dink jy die mense van die Delft het enige privaatheid? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. |
| 1.16 | Haal 'n reël aan wat alliterasie bevat en onderstreep die alliterende klanke. |
| 1.17 | Hoe weet jy dat die mense van die Delft baie tyd saam deurbring? |
| 1.18 | Waarom is die metafoor in die onderstaande reël geslaagd? |
| | Die mense is cigarette-toppatjies |
| 1.19 | Kies die korrekte antwoord tussen hakies. |
| | Die spreker beskryf die mense se slegte lewensomstandighede op 'n (ernstige/komiese) manier. |
| 1.20 | In watter tipe versvorm is die gedig geskryf? Gee TWEE redes vir jou antwoord. |
| 1.21 | Voltooi die stelling deur die ontbrekende woord in te vul.:<br>Die gedig is 'n ......gedig omdat dit die spot dryf oor die lewensomstandighede van die inwoners van die Delft. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | **ANTWOORDE** |
|---|---|
| | **DELFT** **Nathan Trantraal** |
| 1.1 | Die spreker verwys na hulle as "laitjies". |
| 1.2 | Met jong kinders. |
| 1.3 | Hulle bedel om geld. |
| 1.4 | Hulle gee nie om vir hul kinders nie. |
| 1.5 | veralgemening |
| 1.6 | "Die wind kom en gan" |
| 1.7 | "'n wind wat net vi homself liewe" |
| 1.8 | Die lug se mon stink na wyn. |
| 1.9 | 9 ure |
| 1.10 | Hul behoort aan die lae-inkomste werkersklas. Hul verdien moontlik lae lone/inkomste.Gewone werkers wat lae inkomste verdien. |
| 1.11 | Om iets anders te probeer. Om hul lewens te verander deur 'n bietjie hoër te mik. Om 'n opvoeding te kry. Om na skool verder te studeer. Hul wil nie probeer om hulself te bevry van hul lewensomstandighede. |
| 1.12 | Skoolopleiding/ Universiteit/ Ambagte |
| 1.13 | Hul staan en hou anders mense dop. Hul loop en kuier mekaar gereeld. |
| 1.14 | metafoor |
| 1.15 | Nee. Almal ken hul geheime/besigheid. |
| 1.16 | 'n **w**ind **w**at net vi homself liewe.<br>Hyt **n**og **n**ooit consider<br>Die boeme **h**ang **h**eeldag oo hulle mierjies<br>en hou anne mense se **b**iesagheid **d**op<br>Die sand het **v**yl **v**oete en lang naels,<br>maarie sand loep van **d**ee tot **d**ee |
| 1.17 | Hul kuier graag bymekaar. |
| 1.18 | Dit beskryf die mense wat nie tot hul volle potensiaal leef nie.<br>Hul geniet nie hul lewe voluit nie. Hul is oorgelaat aan die genade van hul omgewing en omstandighede. |
| 1.19 | komiese |
| 1.20 | Vrye vers. Gedig is langer as 14 reëls. Gebroke rym. Verslengte verskil. Geen strofebou nie. |
| 1.21 | Hekeldig/Spotdig/Satiriese |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **VRAE EN ANTWOORDE: REKENAARSPELETJIE** | |
|---|---|
| **VRAE** | |
| 1.1 | Op watter voorde sal die oupa sy kleinseun toelaat om rekenaarspeletjies te speel? |
| 1.2 | Haal ' voorbeeld van alliterasie aan uit reël 2 en onderstreep die alliterende woorde. |
| 1.3 | Wat is die funksie van die komma in reël 3? |
| 1.4 | Verduidelik die stylfiguur Apostroof en haal 'n voorbeeld aan as bewys. |
| 1.5 | Hoe weet jy dat die seun dit geniet om rekenaarspeletjies te speel? Reël 4. |
| 1.6 | Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? |
| 1.7 | Wat is die voordeel van hierdie tipe spreker? |
| 1.8 | Na watter tyd verwys die woord "nou"? |
| 1.9 | Haal EEN woord aan wat sê dat die seuntjie die rekenaarspeletjie geniet. |
| 1.10 | Watter halfrym kom in reël 7 voor? |
| 1.11 | Watter stylfiguur verwys na die herhaling van voegwoorde? |
| 1.12 | Kies die korrekte woorde tussen hakies om die sin te voltooi: |
| | Die woorde "klik" en "tik" is 'n voorbeeld van (repetisie/klanknabootsing) |
| 1.13 | Wat word met die volgende woorde geïmpliseer: "die pyltjie heen en weer"? |
| 1.14 | Wat is die funksie van die woord "wat" in reël 9? |
| 1.15 | Gee 'n sinoniem vir die woord "boef". |
| 1.16 | Watter stylfiguur kom in reël 13 voor? |
| 1.17 | Wat word met die woord "veg" geïmpliseer? |
| 1.18 | Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 15? |
| 1.19 | Waarom kla sy suster? |
| 1.20 | Wat is die funksie van die uitroepteken in reël 16? |
| 1.21 | Waarom word die laaste reël se woorde in aanhalingstekens geskryf? |
| 1.22 | In watter versvorm is hierdie gedig geskryf? |
| 1.23 | Watter rympatroon kom in die eerste ses reël voor? |

| **VRAE EN ANTWOORDE** | |
|---|---|
| 1.1 | Op watter voorwaarde sal die oupa sy kleinseun toelaat om rekenaarspeletjies te speel? |
| | Hy moet mooi vra. |
| 1.2 | Haal ' voorbeeld van alliterasie aan uit reël 2 en onderstreep die alliterende woorde. |
| | Mag en my/ stoel en sy |
| 1.3 | Wat is die funksie van die komma in reël 3? |
| | 'n Pouse word geskep wat soms as uitheffingstegniek dien. |
| 1.4 | Verduidelik die stylfiguur Apostroof en haal 'n voorbeeld aan as bewys. |
| | **APOSTROOF**: Wanneer die spreker met iemand praat in sy/haar afwesigheid "ou maatjie" |
| 1.5 | Hoe weet jy dat die seun dit geniet om rekenaarspeletjies te speel? Reël 4. |
| | Niks sal hom van sy stoel af kry nie. |
| 1.6 | Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? |
| | Ek-spreker |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.7 | Wat is die voordeel van hierdie tipe spreker? |
| | Die verteller betrek die leser by sy gevoelens. |
| 1.8 | Na watter tyd verwys die woord "nou"? |
| | Teenwoordige tyd. |
| 1.9 | Haal EEN woord aan wat sê dat die seuntjie die rekenaarspeletjie geniet. |
| | "pret" |
| 1.10 | Watter halfrym kom in reël 7 voor? |
| | Alliterasie en assonansie |
| 1.11 | Watter stylfiguur verwys na die herhaling van voegwoorde? |
| | Polisenditon |
| 1.12 | Kies die korrekte woorde tussen hakies om die sin te voltooi: |
| | klanknabootsing |
| | |
| 1.13 | Wat word met die volgende woorde geïmpliseer: "die pyltjie heen en weer"? |
| | Die pyltjie dui beweging aan. Daar is beweging. |
| 1.14 | Wat is die funksie van die woord "want" in reël 9? |
| | 'n verduideliking gaan volg. |
| 1.15 | Gee 'n sinoniem vir die woord "boef". |
| | skelm |
| 1.16 | Watter stylfiguur kom in reël 13 voor? |
| | Inversie |
| 1.17 | Wat word met die woord "veg" geïmpliseer? |
| | Die speletjie raak gevaarlik/intens |
| 1.18 | Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 15? |
| | 'n Verduideliking volg en gee die rede waarom sy sussie kla.' |
| 1.19 | Waarom kla sy suster? |
| | Sy voel afgeskeep(neglected) |
| 1.20 | Wat is die funksie van die uitroepteken in reël 16? |
| | Dit verleen trefkrag aan die suster se woorde en beklemtoon die dringendheid van haar versoek |
| 1.21 | Waarom word die laaste reël se woorde in aanhalingstekens geskryf? |
| | Die direkte woorde van die suster word aangehaal. Sê vir ons die suster is hier aan die woord/pra |
| 1.22 | In watter versvorm is hierdie gedig geskryf? |
| | Vrye Vers |
| 1.23 | Watter rympatroon (eindrym) kom in die eerste ses reël voor? |
| | Paarrym |